Derde uitgawe - 2012

# Koeda

## Pretoria Bonsai Kai

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.


- **Pretoria Bonsai Kai bestuur:**
- Voorsitter – Org Exley 082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As 084 625 9761
- Tesourier - Daan du Toit 012 567 2520
- Sekretaresse – Marianne Erwee 083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak 083 388 4736
- Addisionele lede : Otto Koekemoer, Ben Kruger, Martin Kruger, Johan Els

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrief kan gegee word aan Jaco Kriek by: jaco.kriek@aurecongroup.com


**In hierdie uitgawe**


| | |
|---|---|
| Van ons redakteur | 1 |
| Briewe bus / vra is vry | 2 |
| Snippets | 4 |
| Kuns | 5 |
| Uitstalling | 7 |
| Nuwe talent kompetiesie | 11 |
| Inheemse boom | 13 |
| Terugvoering | 14 |
| Vergadering 2 Julie | 15 |
| Kalender | 25 |


## Van ons redakteur.

Bonsai friends

We are nearly halfway through the year (can you believe it) and also, luckily, halfway through winter. I say luckily because I am one of those people who do not really like winter. I normally experience damage to my sensitive trees due to the fact that I do not have somewhere to place them out of the cold. I am also a biker, and believe me, biking in winter is cold. For some people however, winter is a great time of the year. They enjoy wearing warm clothes, sitting in front of a fire with a glass of red wine, enjoying delicious thick warm soups and cuddling under a warm blanket.

Some members also enjoy their bonsai trees more in winter than in summer: The bare branches, the fine ramification, the fact that you can see the structure of the tree and also appreciate the calm peaceful image of a tree with nothing to hide under thick foliage. To all those members, may you have a wonderful winter.

Pieter Loubser, bekende in bonsai kringe en skrywer van twee bonsai boeke, het aangebied om vir Koeda 'n reeks te skryf wat handel oor kuns. Ons is baie bevoorreg en dankbaar en sien uit na die reeks. Die eerste van die reeks kan gelees word op bl 5.

As jy die skou gemis het, het jy baie gemis. Soos vorige jare was dit 'n skou om op trots te wees.

Onthou volgende jaar!

Bonsai groete.

Jaco

**'Bonsai is not a destination, it is a journey' - Tony Tickle**

## Briewe Bus / Vra is Vry

Hierdie brief van Pieter Loubser is ter verduideliking oor die reeks wat handel oor kuns wat hy vir ons gaan skryf. Brief verkort.

Jaco,

Verstaan asseblief dat ek hierdie spesifieke "reeks" skryf met my tong in die kies. Ek skeer 'n bietjie gek. Ek wys op lewenswaarhede. Ek trek been. Ek hoop mense kyk 'n bietjie meer filosofies na bonsai en ons bonsaïste se gewoontes en sensitiwiteite. Ek hoop dat dit goed sal wees vir ons stokperdjie.

Ek gaan nie baie bonsaitegnieke en fotos wys nie.

Goeie wense en voorspoed met Koeda.

Pieter

**a bare tree**
**against the moon**
**more than enough joy**

Pretoria Bonsai Kai lede

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om almal wat met die skou gehelp het te bedank vir hulle hulp. Die groep wat daar was met die opstel van die saal, Pieter vir die druk van die kaartjies, die wat diens gedoen het vir die twee dae en dan weer almal wat gehelp het met die afbreek. Hier wil ek Tannie Esther uitsonder vir die werk wat sy gedoen het. Ek wil ook net almal bedank wat bome gebring het om uit te stal. Ons het weereens pragtige bome gehad om aan die besoekers te wys.

Vir Jaques van Safari Kwekery, baie dankie vir die moeite wat hy gedoen het om alles te reël, insluitend die ligte wat ons kon gebruik.

Dankie ook aan Duncan wat gesorg het dat daar bonsai items te koop was.

Daar was heelwat belangstelling by mense om aan te sluit by die Kai. Hopelik sien ons ‘n klomp nuwe gesigte by ons vergadering.

Org Exley (voorsitter)

# Briewe Bus / Vra is Vry

Jaco

’n Vriend van my het verhuis na ’n ouetehuis en kan net ’n paar van sy bome saamneem, die ander wil hy verkoop. Sal jy asseblief die bome op ons kai se blad plaas. Dankie!

Let wel, al die bome is ‘root bound’ en sal in die lente oorgeplant moet word.

1) Acacia Burkei (Swart apiesdoring) 600mm, ouderdom > 25 jaar in kleipot R500
2) Celtis Africana (Wit Stinkhout) 300mm, ouderdom > 4 jaar in kleipot R200
3) Schotia Brachypetala (Huilboerboon) 350mm, ouderdom > 25 jaar in kleipot R500
4) Schotia Brachypetala (Huilboerboon) 350mm, ouderdom > 25 jaar in asbespot R450
5) Dovyialis Caffra (Keiappel) 320mm, ouderdom > 10 jaar in kleipot R450
6) Celtis Africana (Wit Stinkhout) 650mm, ouderdom > 10 jaar in kleipot R500
7) Blinkblaar ‘Wag ’n Bietjie’ 1000mm, ouderdom > 15 jaar in kleipot R450

Die pryse is onderhandelbaar maar bome sal einde Mei beskikbaar wees. Belangstellendes kan my kontak by 082 821 6132.

Groete

Rolf Wuest

# Snippets

## Our Environment.

Clean air -- you can't see, smell, or taste it, but you sure can't live without it! Cars, factories, and electricity make our lives easier, but they also produce gasses and chemicals that pollute the air. Polluted air is bad for people to breathe, and it can harm animals, trees, and plants. And it doesn't just blow away -- the pollution can return to earth as acid rain.

**Plant a tree**
Trees increase the amount of oxygen in the air, and they help clean the air by using up some of the pollutants we produce.

# Inspirasie uit die natuur

**Hansie Bekker** het hierdie boom afgeneem êrens in Limpopo. Dit is een van die Akasia spesies. Ons wonder dikwels of daar werklik Literati styl bome in die natuur voorkom. Wel, hier is ’n baie mooi voorbeeld van een, wat ons gerus in bonsai kan naboots.

# KUNS - deur Pieter Loubser

**Kuns: Wat is dit? Is dit 'n siekte? Is dit 'n leefwyse. Friedrich Nietzsche beweer dat kuns die behoorlike taak van die lewe is!**

Bonsaikwekers ag hulself kunstenaars en ek is die laaste een om daarteen te stry. Ons kry egter in bonsaikuns variërende smake en verskillende maniere van uitdrukking. Ek wys twee voorbeelde.

Mario Komta se boom, uit "Bonsai Bark"

Die groep uit "Art of Bonsai"

Voor ons die moeilike onderwerp van kunssmaak aanraak, sou ek graag wou hê dat ons net eers kyk na die persoonlikhede wat betrokke is by kuns en dat ons 'n behoefte het aan kuns. Kuns is 'n noodsaak in ons lewens. Paul Getty sê: *"My liefde vir fyn kuns het toegeneem – hoe meer ek daarvan gesien het, hoe meer wou ek sien."* My eie gesindheid sluit hierby aan. Hoe meer bonsai ek sien, hoe meer wil ek sien en nog verder – hoe meer wil ek skep!

Ek wil in hierdie skrywes (ek hoop om 'n paar saam te stel) bekende (of dalk nie) kunstenaars se sêgoed gebruik om bonsai te verlig en ons hopelik beter insig in die kuns te gee. Ek vertaal hulle vrylik en soms nie. Kom ons begin met hierdie een van Lucius Annaeus as hy sê dat *"alle kuns maar 'n nabootsing van die natuur is".* Die foto hierna is in Arizona/Utah geneem en wys ons wat die natuur kan doen! Dit heet "The Wave".

Vervolg op bl……..

# KUNS - vervolg

Hierdie dooie boom staan so'n entjie van my huis. Dis 'n groepie. Ag dat ek dit maar in 'n bak kon plaas en uitstal. En met 'n bietjie modifikasie, natuurlik! Dalk!
Maar, kom ons gaan terug na kuns. Friedrich Nietzsche skryf: *"vir kuns om te bestaan, vir enige soort estetiese handeling om te bestaan, is 'n sekere soort psigologiese voorvereiste nodig: intoksikasie*."
Noem dit dan maar bedwelming deur die onderwerp! Sê maar dat jy jou inleef in die kuns.
Dit kan wees dat kunstenaars teruggetrokke individue is (nie altyd nie) en hul beste kuns lewer as hulle op hul eie is en dink. Dit kan te doene hê met die feit dat hulle nie gesteur wil wees nie, of dat hulle so opgaan in wat hulle doen dat hulle nie omgee omtrent die gemeenskap in 'n sosiologiese sin nie. Georg Baselitz beweer dat "*die kunstenaar nie verantwoordelik is teenoor enigiemand nie. Sy/haar rol is asosiaal.....die enigste verantwoordelikheid bestaan in 'n benadering van hom/haar tot die werk wat hy/sy doen*." Amper humoristies sê Twyla Tharp dat *"kuns die enigste manier is om weg te hardloop sonder om die huis te verlaat*".
Een van die sensitiwiteite in kuns is dat kritiek van 'n kunswerk vir die kunstenaar voel asof dit op hom/haarself gerig is. Georg Baselitz beweer dat "*dit voel of hy self aangeval word wanneer hy iets oor een van sy skilderye gevra word*". Daarteenoor hoor ons hoe mooi Balthus dit verwoord: *"Die beste manier om mee te begin is om te sê: Balthus is 'n skilder van wie ons niks weet nie. En kom ons kyk nou na sy skilderye*!" Maar dan kom Nietzsche weer met: *"Jy het jou manier. Ek het my manier. Aangaande die regte manier, die korrekte manier, en die enigste manier, dit bestaan nie*!"
Nietzsche se opmerking is ook belangrik in die geval van bonsai. Kyk weer na die eerste twee bonsai wat ek hierbo gewys het. Waar lê jou smaak? En is enige van daardie twee bome perfek? Baie mooi, ja! Maar perfek? Hoe lyk 'n perfekte bonsai? Luister wat sê Kevyn Aucoin oor perfeksie in kuns: "*Dit (perfeksie) is vervelig. Indien 'n gesig nie enige foute het nie, is dit niks*." En Salvador Dali beweer *"dat ons geen vrees oor perfeksie moet hê nie, want jy kan dit nie bereik nie"*.

Ek dink dat dit genoeg is vir 'n begin. Hierdie onderwerp het baie om oor te gesels en ek het baie om uit te lig en met u te deel. Die *hors d'oeuvres* is verby. Ek kan nie sê hoeveel disse nog gaan volg nie, maar wees gewis, dis 'n hele paar.

Groete Pieter Loubser

# Uitstalling - Safari kwekery.

Die jaarlikse uitstalling is gehou oor die naweek van 4-5 Mei en wel by die Safari kwekery. Die uitstalling was weereens ’n baie groot sukses en besoekers sowel as lede het aangedui dat hulle dit baie geniet het.

Daar was ’n hele klomp lede wat baie hard gewerk het met die opstel van die uitstalling, wat diens gedoen het gedurende die paar dae asook met die opruiming, om ’n sukses van die uitstalling te maak. Daar het 395 lede van die publiek betaal om die uitstalling te sien. As in ag geneem word dat die uitstalling hierdie jaar gedurende ’n gewone kort naweek plaasgevind het teenoor verlede jaar se langnaweek, was dit ’n goeie bywoning. Verlede jaar was daar 311 besoekers.

Dit was egter steeds teleurstellend dat slegs 15 lede ongeveer 70 bome uitgestal het. Dit is wel ’n verbetering aangesien daar verlede jaar 13 lede uitgestal het. Ons hoop dat meer lede in die toekoms sal deelneem en die selfvertroue in hul bome kry om aan ander te wys.

Gedurende die uitstalling was daar aan bome gestyl en die publiek sowel as lede het dit geniet om te sien hoe bome van niks na bonsai verander word.

Daar is ook ’n ‘raffle’ gehou en 79 persone het kaartjies gekoop.

Begin nou al beplan vir volgende jaar se uitstalling! Die ideaal is dat baie meer lede sal deelneem om hul bome uit te stal.

Vervolg op bl…….

# Uitstalling - Safari kwekery.

# Uitstalling - Safari kwekery.

# Uitstalling - Safari kwekery.

By die Safari uitstallling staan ’n dame en bewonder van die bome. Wanneer sy die naamkaartjies lees sê sy: “O, oom Theuns se boom, is oom Theuns hier?” En dan weer: “Oom Edwin se boom, is oom Edwin hier? Charles se boom, waar is Charles?”

Daar word toe aan haar gevra of sy die lede dan ken. “Ja” sê sy, “ek was jare gelede lid van die Pretoria bonsai kai, en ek is baie bly dat julle nog steeds die ‘logo’ gebruik wat ek ontwerp het.”

So word daar toe kennis gemaak met Saskia Kempff, wat omtrent 40 jaar gelede toe sy lid was van die Kai die baie bekende Pretoria Bonsai Kai ‘logo’, saam met Joey Scheepers, ontwerp het. En so lyk Saskia saam met die ‘logo’ op die kai se pamfletjie!

# Nuwe Talent Kompetisie.

Gedurende die uitstalling by Safari kwekery van 5 Mei het lede met minder as tien jaar ondervindig in die beoefening van bonsai aan die Kai se Nuwe Talent Kompetisie deelgeneem. Die wenner en naaswenner gaan die Pretoria Bonsai Kai by die eerskomende BRAT byeen-koms verteenwoordig. By die BRAT byeenkoms word al die klubs/kai's van die streek ver-teenwoordig.

Bo: Links is Duvan Horn en regs is Gerhard Derks

Ons was baie bevoorreg en dank-baar dat sewe van ons lede aan die kompetisie deelgeneem het. Hulle was Duvan Horn, Gerhard Derks, Kobus van der Merwe, Willem Visser, Fran-cois van As, Johan van Zyl en Teuns Kruger.

Die bome wat gestyl moes word was almal "Juniperus Procumbens Nana". Al die bome was naastenby van die-selfde gehalte en grootte.

Die deelnemers het aan die bome gewerk terwyl die uistalling aan die gang was en is ongeveer drie uur gegee om die boom te styl. Daar was nie ver-wag dat die boom in 'n bonsai bak geplant word nie.

Bo: Links is Teuns Kruger en regs is Francois van As

Vervolg op bl……..

Onder: Willem Visser

Onder: Johan van Zyl

# Nuwe Talent kompetisie – vervolg

Nadat die sewe lede hulle stylering voltooi het is die bome deur Org Exley, Brandon Roode en Jaco Kriek beoordeel. Daar is onder andere gekyk na aspekte soos: ontwerp, balans, natuurlike voorkoms, bedrading, snoei werk en oorspronklikheid. Die keuse van die beoordelaars vir die wenboom het gegaan aan Francois van As met tweede plek aan Kobus van der Merwe en derde plek aan Gerhard Derks. Al die bome was van hoë gehalte en die lede kan trots wees op hulself.
Die fotos van die wenboom kan natuurlik nie werklik wys hoe die boom gelyk het nie maar gee darem 'n idee. ♣

Bo: Kobus van der Merwe

Bo: Die drie wenners. Links is Kobus, middel Francois en regs Gerhard.

Links is Francois se wen boom wat hy in 'n cascade gestyl het.

# Indigenous Southern African trees suitable for Bonsai—Ficus Natalensis.

There are 24 species of wild fig in Southern Africa. The Ficus Natalensis is one of the most used and most popular wild fig trees for using as bonsai in Southern Africa. Just about every member of our Kai has at least one Ficus Natalensis in his or her collection.

Rudi Adams says the following about the Ficus Natalensis:

The roots of the Ficus Natalensis are usually rope-like, tough and relatively long. They seldom fill the container but often twist around its outer perimeter. Aerial roots may form, if humidity is relatively high, either on the trunk, the branches or near the base of the tree. They can be removed if they are unsightly or inappropriate. The roots are very suitable for root-over-rock styles.

The trunk can range from being smooth and grey in colour to slightly rough and brown. It will increase in girth when planted in a small container and may create interesting welts. The bark marks easily if wire is kept on for an extended period of time, although it has the tendency to heal well after the wire has been removed.

Although the leaves appear to be somewhat large, they miniaturize very well. Leaf surface control is possible by removing alternate leaves, trimming leaves in half or totally defoliating the entire tree.

The Ficus Natalensis is suitable for all bonsai styles, although it is not often seen in a formal upright style.

Propagation is by means of seed or cuttings. Within a year the roots are usually strong and long enough for transplanting. Planting the cuttings into large bags or containers in their early stages of deve-lopment will tend to increase the growth rate and considerable trunk size may be achieved in a relatively short time.

Ficus Natalensis should be kept outside in full sun to semi-shade. It is not frost resistant. Repotting should take place every one to two years for young trees, and every three to four years for mature trees. This should be done in late spring or early summer months.

The Ficus Natalensis responds well to a coarse, somewhat rich growing medium.

The most suitable containers should be medium-deep round, oval and soft-cornered.

Fertilizer.
In spring: weak seagrow, fish emulsion solution.
In summer: 5:3:1 slowrelease or chicken manure in diluted form.
In autumn: 2:3:2 with a small amount of seagrow.
In winter: No fertilizer should be applied in colder climates or when the leaves have dropped. A small amount of 2:3:2 may be applied in warmer climates or where the species is evergreen.

Heavy pruning should be done during the warm season when healing will be at its best. The specimen should be trimmed to two or three leaves as soon as possible. It can be trimmed whenever necessary and throughout the year. Any unnecessary buds may be rubbed off, especially at the top section of the tree. This will help to retain a light and airy feeling in this section. Removing buds also prevents thickening in this section and increases the taper of the trunk. ♣

# TERUGVOERING OOR DEMONSTRASIE BOME.

By die vergadering van 6 Maart 2010 het Pieter du Plessis gepraat oor Akasia bome vir bonsai. As deel van sy praatjie het Pieter ’n Apiesdoring gestyl. Die onderste foto’s is in die tweede uitgawe van 2010 van Koeda gewys. Pieter het die boom intussen in ’n bonsai bak geplant. Heel onder is hoe die boom nou daar uitsien na net meer as twee jaar.

**Inspect each of your bonsai carefully and be especially alert for old wires. Remove all old wires. If old wires are not removed the bark can be permanently scarred because of the rapid growth of branches and the trunk in the spring. After you’ve removed the wire and the limb does not hold the desired position you will have to rewire the limb.**

# Vergadering van 2 Junie 2012.

## "Tip of the month" - deur Martin Kruger



Martin het gesê dat hy bonsai potte het wat oud en verweer is, asook potte wat hy baie lank gelede gekoop het waarvan hy nie meer van die kleur hou nie. Hy het geëksperimenteer om die potte weer nuwe lewe te gee deur hulle 'n nuwe 'verflaag' te gee. Hy verf die pot met so vyf of ses lae 'Tile bond', 'n produk wat gebruik word vir keramiek teëls in badkamers. Daarna gebruik hy kunsverf om die pot mee te verf. Daar is 'n verskeidenheid kleure kunsverf beskikbaar. Indien jy wil hê dat die pot bietjie glans moet hê, soos 'n geglasuurde pot, kan jy 'floor tile sealer' bo-oor die kunsverf aan-wend. Martin het 'n potjie gewys wat hy so behandel het en die pot lyk splinternuut. Hy vertel ook dat hy, wanneer 'n pot stukkende plekkies (chips) aanhet, kunssement gebruik om die plekkies eers reg te maak voordat hy die verf aanwend.

# Vergadering van 2 Junie 2012—vervolg

# Vergadering van 2 Junie 2012—vervolg

**Francois van As het gepraat oor Gesteentes en Suiseki**

"A suiseki has the capacity
to represent with the eyes of man,
on a few centimetres,
the whole earth and cosmos."
(www.suiseki.com)

Die mens toon van die vroegste tye af waardering vir gesteentes/klippe en juis daarom word dit versamel. Deur die geskiedenis heen het verskillende kulture unieke name, dissiplines en riglyne rondom, wat hulle as 'n kunsvorm sien, ontwikkel.

In Japan noem hulle die waardering vir klippe, "Suiseki", in China, "Gongshi" en in Korea, "Suseok".

Daar is baie mense wat daarvan hou om mooi klippe of klippies op te tel en te bewonder, maar het hulle al ooit daaraan gedink:

- Waar kom dit vandaan?
- Watse tipe gesteente is dit?
- Hoe is dit gevorm?
- Hoe oud is dit?

Wanneer ons bonsai beoefen wil ons tog weet: Watse tipe boom is dit? Waar kom dit natuurlik voor? En "Hoe oud is dit?

Juis daarom het ek dit goed gedink om eers 'n bietjie stil te staan by die gesteentes. Sommige gesteentes is saamgestel uit slegs een mineraal, byvoorbeeld piriet ("pyrite") of kwarts ("quartz"). Die meeste gesteentes is egter soliede mengsels van verskeie minerale, elke mineraal met sy eie chemiese formule en kristalagtige struktuur. 'n Mineraal is weer saamgestel uit 'n element of kombinasie van elemente. Graniet, byvoorbeeld, is 'n intrusiewe stollingsgesteente saamgestel uit die minerale: kwarts, veldspaad, mika, horingblende en ander kombinasies minerale.

Gesteentes kan beskou word as die bladsye van die geskiedenisboek van die aarde. Hulle vertel stories van tye lank gelede. Van gesteentes het ons geleer van dinosorusse, vroeë grotbewoners en baie ander leefvorme wat eens bestaan het en nie meer is nie.

Ons het geleer dat die aarde konstant besig is om te beweeg, te skuiwe en te verander. Gesteentes word dus voortdurend gevorm. Dit word verhit, gedruk en verweer om nuwes te vorm. Laastens word dit weer gesmelt om net weer die proses van vooraf te begin.

Gesteentes word volgens die manier waarop hulle gevorm word geklassifiseer. Daar is drie basiese groepe:

- Stollingsgesteentes (Igneous)
- Sedimentêre gesteentes (Sedimentary)
- Metamorfe gesteentes (Metamorphic)

vervolg op ……

# Vergadering van 2 Junie 2012—vervolg

1. Stollingsgesteentes (Igneous)
Ontstaan deur die afkoeling en stolling van gesmelte magma of lawa. Stollingsgesteentes word geklassifiseer volgens kristalgrootte, tekstuur, chemiese samestelling of wyse van formasie. Hulle is hoofsaaklik saamgestel uit kieselaarde (silika).

Bo: Graniet

1.1 Stollingsgesteentes wat onder die aardoppervlak kristalliseer, word, afhangende van die diepte van die formasie, plutoniese of intrisiewe gesteentes genoem. Hulle het groot kristalle wat tydens stadige afkoeling gevorm is. Byvoorbeeld: Graniet en diabaas.

1.2 Stollingsgesteentes wat bo die aardoppervlak uitgestoot word, word ekstrusiewe of vulkaniese gesteentes genoem. Vinnige afkoeling het klein kristalle tot gevolg. Byvoorbeeld: Basalt en rioliet.

Bo: Diabaas

Bo: Basalt

Bo: Rioliet

2. Sedimentêre gesteentes (Sedimentary)

Word gevorm deur die opstapeling en sementering van neerslae wat neergelê word deur water, wind, ys of swaartekrag. Sedimentêre gesteentes dek meer as tweederdes van die aarde se oppervlakte. Voorbeelde is konglomeraat, sandsteen, moddersteen, skalie, dolomiet, chert en kalksteen. Vervolg op bl

Links: Sandsteen

Regs: Dolomiet

Links: Moddersteen

Regs: Kalksteen

# Vergadering van 2 Junie 2012—vervolg

3. Metamorfe gesteentes (Metamorphic)

Gesteentes wat verandering ondergaan as gevolg van drukking, hitte of chemies-aktiewe vloeistowwe. Die minerale samestelling in ‘n metamorfe gesteente hang af van die samestelling van die oorspronklike materiaal, wat sedimentêre of stollings materiaal kan wees, asook toestande van hitte en drukking waaronder die gesteente onderhewig mag wees. Byvoorbeeld:

- ‘n Klei ryke neerslag mag leiklip vorm wanneer dit by lae temperature en drukking metamorfoseer (verander)
- Glimmerleiklip (mica-schist) word onder hoër temperature en drukking gevorm terwyl
- Gneis gevorm word wanneer die temperature en drukking baie hoog is.

Ander bekende vorme vam metamorfe gesteentes is marmer en kwartsiet.

Bo: Marmer

Bo: Kwartsiet

**Hoe gebeur dit dat ‘n mooi landskap van grasvelde en stroompies oor tyd verander in ruwe rer-rein met baie klip en rotsformasies?**

Om dit eenvoudig te stel, deur verwering en erosie.

- Verwering is die proses wat veroorsaak dat die struktuur van ‘n klip/rots opbreek.
- Erosie is die proses waar stukkies klip (voortgebring deur verwering) weggedra word deur wind en water (riviere en die see).

Die volgende tipes verwering word onderskei:

**Meganiese verwering**
Dit behels die afbreek van rotse en grond deur direkte kontak met atmosferiese toestande soos: Hitte, water, ys en drukking.

**Chemiese verwering**
Dit behels die direkte effek van atmosferiese chemikalieë of biologies geproduseerde chemikalieë (ook bekend as biologiese verwering) op die afbreek van rotse, grond en minerale.

Vervolg op bl

# Vergadering van 2 Junie 2012—vervolg

**Suiseki**
Japanese term for beautiful and meaningful stones, most traditional Suiseki are often only a few centimetres long (and sometimes up to 45 centimetres or more). Shaped by wind, rain and the passing of time, these beautiful microcosms of our world suggest shapes and designs that remind us of everyday natural objects. When displayed on specially designed wood stands called daizas or trays called suibans or dobans, they become a true work of art and a spiritual inspiration to the viewer (www.suiseki.com).

*"Suiseki are stones that suggest mountains, lakes, waterfalls and other natural scenes or that is aesthetically pleasing in shape and texture. They represent nature in the palm of your hand."*
(www.suiseki.com)

*"Suiseki (Sui = water, Seki = stone) is the study and enjoyment of naturally formed stones as objects of beauty. The art of Suiseki involves the collection, preparation and appreciation of unaltered naturally formed stones. These stones are found in mountain streams, on windblown deserts, along ocean beaches - anywhere that nature may have deposited or shaped them."*
(www.suiseki.com)

Stones are appreciated in Far Eastern countries as art objects - with different guidelines and names such as:

- Aiseki (Japanese) - appreciated stone;
- Shang Shi (Chinese) - elegant stone;
- Shang Sek (Chinese) - enjoyable stone;
- Ya Sek (Chinese) - exquisite elegant stone;
- Suseok (Korean) - stone of longevity.
  (www.suiseki.com)

**A short history of viewing stones**
In China, viewing stones (scholars rocks and spirit stones known by the Chinese as "Gongshi") have been an art of appreciation for over a thousand years. During the Tang dynasty (618-907AD), it was said that a garden could not be beautiful without such rocks, and that a studio lacked elegance without gongshi. They were transported to Japan and Korea and presented as fine tributes (www.suiseki.com).

Between 592-628, the Japanese Empress Regent Suiko received the first Penjing and Gongshi from the Chinese imperial court. Magically shaped with holes, hollows and highly eroded surfaces, they were very interesting to the Japanese aristocracy. These vertical stones, representative of the imposing mountains and cliffs of China, remained popular in Japan for hundreds of years (www.suiseki.com).

**The aesthetics of suiseki**
For centuries, hauntingly beautiful stones have captivated the imagination of collectors with their power to suggest a scene or object. The suggestive possibilities of suiseki are almost limitless, very much like looking at a cloud and seeing running stallions or angels, images unlimited by imagination. In the suiseki world, often heard is the term "wabi-sabi," referring to the deep spiritual understanding of / connection with a suiseki stone (www.suiseki.com). Continue on pg

# Vergadering van 2 Junie 2012—vervolg

So the aesthetics of suiseki are in the small details: variations in texture and shadings of color, and nearly invisible nuances of shape. These differences distinguish an ordinary stone from a fine suiseki, where the beauty often waits for discovery, just below the surface (www.suiseki.com).

The science of suiseki
Like most things of beauty, there is more to the art than meets the eye. The Golden triangle can be seen in many suiseki stones, and is thought to be the most pleasing of all triangles, not too thick, not too thin, but "just right."

Widely used by the ancient Greeks in their architecture, the golden rectangle/ triangle are represented in mathematics and useful in a wide variety of disciplines. The smaller rectangle/triangle is the same shape as the larger rectangle and their sides are proportional (www.suiseki.com).

**Evaluation**
How does one evaluate a stone? How does one select a classification? Will everyone see the same image? In the Art of Suiseki, there is no such thing as a "correct" classification, an "incorrect" classification, or a definitive image to be seen in a stone. Evaluating and classifying is a wholly individual and often spiritual process, a relationship between the stone and the viewer. What a viewer will see in a stone (or what the stone will reveal to the viewer) is completely subjective and unique to every individual (www.suiseki.com).

According to the western world suiseki can be classified as follows:

- Classification by shape
- Classification by colour
- Classification by surface pattern
- Classification by place of origin

**Displays**
One of the most important aspects of suiseki is the great care which is taken in displaying stones - using appropriate containers and display elements. Suiseki should always be the predominant element and the container or surroundings should never detract from the stone. The two most common traditional methods of display are the Daiza and the Suiban (www.suiseki.com).

Examples of Daiza

continue on pg

# Vergadering van 2 Junie 2012—vervolg

**The daiza**
The daiza (or dai) is a carved wood base conforming to the shape of the stone. The art of daiza carving is a specialized skill involving careful attention to the detail of the stone for which it is being created (www.suiseki.com).

Common daiza features
- carved to conform to shape of stone
- dark coloured woods
- natural finish or lacquered with black, brown, reddish-brown, or clear lacquer
- narrow lip and short legs
- for stones with irregular or uneven bottoms, daiza is often carved out to fit shape of stone (www.suiseki.com).

Timbers generally available in South Africa

| Dark coloured timbers: | Light coloured timbers: |
|---|---|
| Kiaat | Red Oak |
| Sapele Mahogany | Beech |
| American Walnut | Maple |
| Rosewood | Seringa |
| Cherry | Saligna |
| | SA pine |

The cheaper lighter coloured timbers can be stained darker.

**The Suiban and the Doban**
The suiban and doban are oval or rectangular trays used to display suiseki. Soft delicate smooth suiseki are best suited to a suiban or doban, more shallow and oval trays with a narrow lip or no lip and plain legs. Large and rugged suiseki are appropriate for powerful and ornate trays (www.suiseki.com).

Common tray stiles/fetures
- short legs
- rectangular or oval
- earthenware, glazed or unglazed
- metal trays (called "doban" and are usually bronze)
- bonsai trays (shallow, oval or rectangular) (www.suiseki.com).

Continue on pg

# Vergadering van 2 Junie 2012—vervolg

**Tray colours mostly preferred are**

- neutral colors (especially shades of gray)
- pastel colors (especially beige, tan) (www.suiseki.com).

**The most typical tray sizes:**

- 40 to 45 cm long and 25 to 30 cm wide
- height ratio to stone: 1: 2 and up to 1: 7 for larger stones
- suiban should typically be twice the length of the suiseki
- trays that are too large can be filled with a miniature accessory: cottage, sailboat, human figure, etc. (www.suiseki.com).

**Filling the tray:**

- trays are usually filled with sand and/or water
- height of the water above the level of the sand: 2.5 cm
- sand should be level and smooth; smooth using using feathers, spoons, shaking side to side, etc.
- sand should be sieved and washed
- fine-grained sand used with smaller stones
- coarse sand used with larger stones
- pure beige sand (white is considered too bright)
- sand texture depends on what best complements the stone (www.suiseki.com).

Continue on pg

# Vergadering van 2 Junie 2012—vervolg

**The positioning of stones:**

- stone is anchored or buried, not floating or sitting
- stone should be off-center, slightly behind imaginary horizontal line running through middle of tray
- position approx. 60% of distance from left or right side of tray
- ample room left between the stone and all edges of the container
- for stones angled to the right ( or highest peak is on left side) stone placed on left side of tray
- for stones angled to the left ( or highest peak is on right side) stone placed on right side of tray
- most suiseki are tilted toward the viewer (www.suiseki.com). ♣

# Bonsai Kalender — Deur Francois van As

## Wat doen ons in Julie

Ons is nou in middel winter en daar gaan nou nie veel aan nie behalwe dat ons almal, boompies inkluis, koud kry. Water moet matig toegedien word - ons wil slegs die grond klam hou. Wees versigtig om gedurende die winter te bedraad aangesien vinnige lentegroei die draad kan laat ingroei. Boompies kan laat winter gesnoei word, maak net seker alle wonde word geseël.

## Wat doen ons in Augustus

Aan die einde van die winter of begin lente is dit tyd om die boompies te pot of herpot. Dit moet gedoen word voordat die boompies begin bot. Hou hulle maar fyn dop want sommiges bot vinniger as ander. Benat net genoeg om die grond klam te hou, soos wat loof verskyn kan watertoediening vermeerder word. Wat voeding aan betref word aanbeveel dat aanvanklike bemesting met lae stikstof inhoude gebruik word totdat die nuwe blaartjies verhard het. Moet nie bladwisselende boompies voed voordat die blare oopgegaan het nie. Die bron wat ek geraadpleeg het beveel ook aan dat boompies wat herpot is vir die eerste ses tot agt weke nie gevoed moet word nie, maak eers seker dat die boom groei anders kan die nuwe ontwikkelende wortels beskadig word. Verwyder enige bedrading wat deur die winter aan boompies gelaat is.

Francois van As ♣

## Aankondiging

Met dank word aangekondig dat Marianne Erwee oorgeneem het by Esther as die Kai se sekretaresse. Esther kon as gevolg van omstandighede nie voortgaan nie en Marianne het ingewillig om die pos te vul. Ons dank ook aan Esther wat bereid was om te dien.
BAIE dankie Mariaan, ons waardeer dit.

Julle kan op die voorblad Marianne se telefoonnommer sien indien julle haar moet kontak.

The individual opinions expressed in this issue are not necessarily those of the Pretoria Bonsai Kai.